CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Maart 2016

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Voorsitter	Conradt Esterhuysen, ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Sekretaris	David de Kock, ZS1DDK	zs1ddk@bark.org.za
Tesourier	Rassie Erasmus, ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
CQ Boland	Fabian Palm, ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za
Geleenthede	Andrè Shaw, ZS1AN	zs1an@bark.org.za
Bulletins	Olivier van Staden, ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
QSL	Jan van der Vyver, ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za

Gekoöpteer

Publieke informasie beampte

Deon Coetzee, ZR1DE pib@bark.org.za

Webmeesters

Fabian Palm, ZR1FQ & Deon Heydenrych, ZS1G

Facebook

Fabian Palm, ZR1FQ

Epos kan ook gerig word aan zs1bak@bark.org.za

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
Frekwensies: 3670kHz, 7092kHz LSB en 145,700 FM

U kan ook na hierdie uitsending luister op “Echo Link” deur te koppel aan ZS1DCC.

WEBWERF

Bark.org.za

FACEBOOK

facebook.com/bolandamateurradioklub

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se volgende ledevergadering op Saterdag 12 Maart 2016 om 11:00 by die Voortrekker Kommando terrein te Kuilsrivier. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure brand.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste twee weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

zr1fq@bark.org.za

VAN DIE VOORSITTER

Ek sien uit om u te sien by die ledevergadering op 12 Maart 2016 by die Kuilsrivier Voortrekkers se perseel. Bly asseblief ook vir die gebruiklike 'bring en braai' na die vergadering.

Die volgende groot gebeurtenis in die Weskaap is die 'Leer Mekaar Ken' sosiale geleenthied in die vorm van 'n bring en braai wat gehou word op 2 April 2016 by die Ou Skip karavaanpark in Melkbostrand. BARK het 'n uitnodiging gerig aan al die Wes Kaapse Radio Amateur Klubs on die geleentheid by te woon. Ek vertrou dat BARK goed by hierdie geleentheid verteenwoordig sal wees.

Ek maak van die geleeteid gebruik om almal wie betrokke is met die opgraderings en onderhoud van die herhalers in die Wes Kaap te bedank. Wanneer die opgraderings voltooi is sal ons wyd kan praat vanaf die 145.625 herhaler in die Weskaap tot in George in die Suid Kaap. Die persone se onbaatsugtige werk en toewyding word waardeer en is nie ongesiens nie.

Karl, ZS1KC, is weer besig met die RAE klasse ter voorbereiding vir die Mei 2016 eksamen. Sterkte aan hom en die kandidate.

Stuur asseblief enige bydraes vir CQ Boland aan Fabian, ZR1FQ.

Conradt

ZS1ES

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 12 MAART 2016

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 12 Maart 2016 om **11:00** by die Voortrekker Kommando terrein te Kuilsrivier. Sien aangehegte kaart hieronder.

Bring alles saam wat u nodig het om te braai. Dit sluit die rooi-koeldrank in.

HERHALER FOUTE

Epos herhaler foute na

wc-repeater-fault@googlegroups.com

HERHALER SAKE

Indien u ook weekliks die Wes- Kaap herhaler verslag wil ontvang, stuur net 'n epos aan Rassie Erasmus by rassiezs1yt@gmail.com

BARK LIDMAATSKAP

Hoe sluit ek by BARK aan? Hoe hernu ek my lidmaatskap?

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Alternatiewelik kan u 'n kontant betaling maak aan ons tesourier, Rassie (ZS1YT) tydens BARK byeenkomste.

Gaan na BARK se webwerf by http://bark.org.za

Klik op Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word.

Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.
Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312. Rek No: 429720974.

Ledegeld vir 'n gewone lid is R100,00 en vir 'n skolier of student R50,00.

STIL SLEUTEL

Oom Ben Janeke, is in die vroeë oggendure van Saterdag, 13 Februarie 2016, oorlede.

Oom Ben, ZS1GG, was 97 jaar oud, gebore op 5 Mei 1918. Hy was een van die oudste stigterslede van Tak Boland.

Jaco Cloete ZS1JCA is op Saterdag 2 Januarie 2016 oorlede . Jaco was vir jare aan 'n rystoel gebonde nadat hy sy nek as jong man in 'n duikongeluk gebreek het. Jaco was oorspronklik van Durbanville, maar was die afgelope jare 'n inwoner van Riversdal.

BARK VERGADERING 12 Desember 2015

Bark se jaarend vergadering was gehou te Stellenbosch Voortrekker Kommando terrein op 12 Desember 2015. Na die vergadering het ons ouder gewoonte lekker gesellig om die braaivleis vure verkeer. Ons hoop om sommer ‘n lekker opkoms te hê by Bark se eerste vergadering van die jaar te Kuilsrivier Voortrekker Kommando terrein op 12 Maart 2016.

Die Volgende lede was teenwoordig

ZS1CON	**Con Esterhuysen**
ZS1DDK	**David de Kock**
ZS1JM	**Johan Marais**

ZS1BBR	**Alan Bent (gas)**
ZS1KVW	**Koos van Wyk**
ZS1AAB	**Joe Haarhof**
ZS1YT	**Rassie Erasmus**
ZS1PBS	**Benna Sadie**
ZS1F	**Andre Fransman**
ZS1BO	**Theo Dreyer**
ZS1WDK	**Willem de Kock**
ZS1AN	**Andre Shaw**
ZS1MC	**Marie**
ZS1MP	**Martin**
ZS1ZN	**Leon Naude**
ZS1KC	**Karl Canitz**
ZS1LT	**Elton Muller (gas)**
ZS1GVW	**Granville van Wyk**
ZS1ACF	**Francois de Villiers**
ZS1JX	**Peter Jendrissek**
ZR1FQ	**Fabian Palm**
ZS1G	**Gideon**
	Jacques van Zyl (gas)
ZS1BB	**Bernd Jendrissek**
ZS1BAM	**Albie Bam (gas)**

BARK VERGADERING 12 MAART 2016

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 12 Maart 2016 om 11:00 by die Voortrekker terrein te Kuilsriver. Die terrein is in Liedla Straat. Sien aangehegte kaart hieronder.

TRANSFORMERS WAT FOUTIEF RAAK – 230 V kant

Deur Francois Joubert

Neem bietjie kennis:

Ek het nou eendag 'n transformertjie gekry waarvan die 230V kant oop wys. Na verdere ondersoek kry ek 'n "termostaat" op die winding, bypass dit en siedaar werk die transformer. Nog 'n transformer met dieselfde probleem en hy het ook die "termostaat" in, bypass en daar werk die transformer.

Mooi loop.73

ALL CLUBS: SOCIAL WEEKEND AT "OU SKIP" CARAVAN PARK, MELKBOS STRAND

We would like to cordially invite all clubs and club members, on invitation of the Boland Amateur Radio Club, to attend a weekend of SOCIALISING at the "Ou Skip" Caravan Park, Melkbos Strand, on the 2nd of April 2016.

You are most welcome to attend our social offering for the weekend (evening of 1 April till the morning of 3 April), or just for the day on Saturday.

Day entries are R50 p/p
Caravan bays are R175 p/n
Chalets are available.

NB. You will need to bring a BRAAI GRID, refreshments, eats, etc.

We will offer an attendance raffle on Saturday at 12h00: an Eco Zoom oven – (briquette burning oven) kindly donated by Norman Tinkler, and vino from local estates - (kindly donated by BARK)

HERHALER BESOEK EN HERSTEL WERK

145.675 REPEATER MAINTENANCE

Jan van der Vyver ZS1VDV and Mike Kellett ZS1TAF performed upgrades and maintenance work on the 145.675MHz repeater at Jonaskop on Saturday 6 February. A new minirack was installed and the repeater was replaced with one aligned to the controller and link radios. A new rackmount PSU and circulator were installed along with the controller and link radios. The fly lead between the duplexer and the

heliax was replaced, the connection to the 4stack was serviced some water was dried out and the connection triplesealed. Initial reports indicate a significant improvement in the signal from the repeater. Further signal reports welcome.

Op Sondag 14 Februarie het Jan ZS1VDV en Rassie ZS1YT die radios en skakel kontrole by die 145.650MHz Hawequas herhaler gaan herinstalleer.

David de Kock- ZS1DDK **en Jan van der Vyfer het die 145,625 (Piketberg) besoek - Jan het die filters geher-kalibreer om 76dB attenuation te bewerkstellig. Die beheer eenheid se sagteware is aangepas. Ons is toe na die 145,750 (Hawequas) waar Jan ook sagteware aanpassings op die beheer-eenheid aangebring het - die skakel werk nou bevredigend ! Volgende pak ons die 145,600 (Hanskop) aan, waar die laaste fase van ons 70cm skakel -stelsel in werking gestel sal word !**

70 cm antenna (Piketberg)- skakel na Hawequas

145.625 herhaler, 70 cm skakel, herhaler- beheer-eenheid

"Circulator" - die eenheid dwing RF uitset in 'n fop las indien 'n slegte / hoë swr in die voerlyn/ antenna sou ontstaan. Hierdie eenheid is ook aangebring.

Herkallibrering van die "cavity filters "



"Cavity filters" - links vir ontvangs (2 in serie - 79dB) , regs, (2 in serie - 78dB)



Jan begin koppelings maak om die meet toerusting , rekenaar , en radio toets-eenheid te akkommodeer.

Welgedaan - nou Paarl toe (Hawequas)

Hawequas

AMATEURRADIO NEWSLINE BURGERBAND

Andre- ZS1F

Die herleiding van Amateurradio Newsline wat op Maandae op kanaal 26 op die Burgerband uitgesaai word kry baie goeie ondersteuning van die Burgerband manne.

Daar is konstant tussen 10 en 15 inroepe van die Burgerband.

Wie weet dalk kan ons hulle almal ooreed om die RAE later vanjaar te skryf.

LEKKER MOSBOLLETJIES

Andre Ellis- ZU1KOK

Metode:

Voorverhit oond tot 180 grade Celsius

Smeer 'n broodpan met botter

Bestandele:

500 gram winkelbrooddeeg

10ml (twee teelepels) Anyssaad

30 ml (twee eetpels)suiker

Metode:

Knie anyssaad by brooddeeg in

Rol bolletjies en pak styf teen mekaar in gesmeerde broodpan

Bedek en laat op warm plek staan om te rys tot dubbel die grootte

Los suiker in water op en verf bolletjies

Bak in oond vir 25 tot 30 minute of tot gaar

Breek die mosbolletjies van mekaar en geniet.

VAN:

Boland Amateur Radio Klub